

# 'n Gids Tot Vryheid Deur die Kruis

Deur Charles R Solomon, Ed.D.

Terwyl jy hierdie blaadjie lees, mag jy in 'n innerlike stryd verkeer. Mense mag jou teleurgestel het, en God voel te ver verwyder om jou te kan help. Jy mag groot geword het met 'n gevoel dat jy nie genoeg liefde ontvang het om in jou besondere behoeftes te voldoen nie. Moontlik het jy **jouself** nog nooit aanvaar of liefgehad nie.

'n Persoon se gevoel van ontoereikendheid om sy lewe te hanteer, kan wissel van, teneergedruktheid tot gedagtes van selfmoord. As gevolg hiervan mag jou verhoudings met die mense die naaste aan jou breekpunt bereik het - of reeds onherstelbaar skyn te wees. As jy by 'n punt van wanhoop of totale desperaatheid is, dan is die volgende boodskap net vir jou bedoel.


God het jou lief genoeg gehad om 'n **PERSOON** - Sy Seun, die Here Jesus Christus - te stuur om vir jou sondes aan die kruis te sterf. Hy het Hom uit die dood opgewek en deur Hom alles voorsien wat nodig is vir 'n oorwinnende volheidslewe. Op hierdie oomblik glo jy òf dat sy dood voldoen aan God se voorwaarde vir die vrysprak van jou sondes òf jy glo dit nie. As jy dit nie glo nie, kan hierdie eenvoudige boodskap en die diagramme ter illustrasie daarvan, **JOU** lewe radikaal verander as jy **SY** lewe, die Lewe van die Here Jesus Christus, ontvang.

Moontlik het jy Christus reeds vertrou vir jou redding, maar nou is jy 'n sukkelende, verslane gelowige wat nog soek na oorwinning in jou Christelike wandel. As enige van hierdie gevalle op jou van toepassing is, moet jy die volgende stuk met 'n oop Bybel bestudeer, en 'n gebed dat God hierdie waarhede aan jou sal openbaar.

## HOE JY ONTWERP IS

Die **Wieldiagram** stel die mens voor as 'n driedelige wese wat bestaan uit gees, siel en liggaam (I Tess. 5:23). Die liggaam (deur middel van ons sinuie) is ons kontak met ons omgewing. Die siel (persoonlikheid) bestaan uit die funksies van verstand (denke), wil en emosie. Die siel maak dit moontlik om met ander om te gaan of te kommunikeer. Die gees maak dit moontlik om ons vermoëns, beperkings en omstandighede te bowe te kom wanneer ons deur die Heilige Gees herskep, wedergebore en bewoon word.

Jou gees is òf verwant aan Adam - Satan se familie (sien die Lyndiagram) òf verwant aan Christus - God se familie. Ons word gebore as afstammeling van Adam en is dus deelhebbers aan sy natuur. Dit beteken dat ons gees dood is vir God en lewend vir Satan. Ons is in die **VERKEERDE** familie! Aangesien ons lewens afkomstig is van ons eerste vader, Adam, en in 'n ononderbroke ketting teruggaan tot by hom, was ons in werklikheid in hom toe hy gesondig het. Ons het dus sondaars geword nog voor ons fisies gebore is. Daarom, wanneer ons sonde doen, doen ons net wat natuurlik kom (Rom 3:23). Elke lewe wat in Adam bly, sal uiteindelik - soos wat in die lyndiagram gewys word - eindig in die hel (Rom 6:23). Selfs al lewe ons, menslik gesproke, onberispelik, is ons van God geskei, tensy en totdat ons in Sy familie ingebore word deur 'n geestelike wedergeborte.



## JOU BEHOEFTES


Die woord **verlossing** (1) in die **Wieldiagram** beteken jy moet 'n geestelike geboorte ondergaan. Dit is die enigste manier om die lewe in Adam te verlaat en in die lewe van Christus, 'n ewige lewe soos voorgestel in die Lyndiagram, in gebore te word (Joh 3:3). Om geestelik gebore te word, moet jy erken en bely dat jy in die verkeerde lewe is en daarom 'n gebore sondaar is, met die onvermydelike gevolg dat jy sonde doen. Dan moet jy Christus in jou lewe ontvang (innooi), omdat Hy vir jou sondes gesterf het.

Om geestelik weergebore te word, beteken om die Geeslewe van Christus deur geloof in jou gees te ontvang en sodoende een gees met Hom te word (1Kor 6:17). Om in oorwinning oor versoeking te lewe en die vrede van God in jou lewe te ervaar, moet jy sekerheid hê van jou verlossing. **Sekerheid** (2) moet gebaseer wees op die absolute waarhede (volkomenheid) van God se onfeilbare Woord, of so nie sal dit hoogstens tydelike van aard wees.

Baie mense wat **weet** (met hulle verstand) dat hulle die Here Jesus Christus persoonlik vertrou (aangeneem, ingenooi) het, het nog nie werklike sekerheid nie omdat hulle nog nooit verlos **gevoel** het nie. Baie mense se gevoelens (emosies) is selde in harmonie met die ware feite, tensypte daarvan dat die feite in die Bybel beskryf word of in die fisiese wêreld bestaan. Dit kan wees a.g.v emosionele konflikte, wat dikwels ontstaan het a.g.v verwerping gedurende die kinderjare. Ons gevoelens omtrent die stand van sake verskil dikwels van die werklike stand van sake totdat Christus die middelpunt van ons lewe word en die gewonde emosies begin genees.

Die nuwe en ou gelowige moet weet dat hy of sy deel word van 'n seker en ewige geestelike verhouding met God deur die Here Jesus Christus (Joh 5:24) en dat hy op hierdie **sekerheit**(3) kan vertrou en dit kan geniet.

## WIELDIAGRAM



Alhoewel baie gelowiges weet dat hulle Christus (in hulle lewens ingenooi het) aangeneem het, verstaan en ervaar min die feit dat hulle in Hom aanvaar word. Die meeste mense word gedwing om aanvaarding op menslike vlak te verdien en voel dus dat hulle God se **aanvaarding** (4) ook moet verdien - dit is ten spyte van die feit dat hulle alreeds totaal aanvaar is deur die Christuslewe binne-in hulle (Ef 1:6). Elke gelowige is aanvaar, maar baie aanvaar nooit hulle aanvaarding of geregtigheid (2 Kor 5:21) in geloof nie. Nog minder mense kom tot 'n **algehele oorgawe** (5) aan die Here Jesus Christus. Dit is 'n onherroeplike besluit waarin jy God toestemming gee om enige iets wat Hy wil in jou, met jou, aan jou en deur jou te doen. Jy gee al jou regte op.

Dikwels na so 'n besluit verswak omstandighede tot 'n amper chaotiese toestand. Dit is omdat God ons versoek, om totale beheer oor te neem, eer. As Hy beheer moet neem, dan moet ons beheer verloor, en dit is feitlik nooit 'n aangename proses nie! Die omstandighede of persone wat God gebruik om 'n einde te maak aan jou eie beheer oor jou lewe is dikwels op sigself nie geestelik nie. Soms bring dit onverdiende lyding, maar dit is juis hierdie lyding wat God se planne in jou lewe uitwerk (1 Pet 2:20-21; Fil 1 :23-30). Die tyd van swaarkry of kastyding (Fil 3:10; Heb 12:11)ervaar ons selde as 'n rede tot vreugde, maar dit is die smeltkroes wat die heiligheid waarna ons verlang, voortbring.

God se doelwit vir die gelowige is gelykvormigheid aan die beeld van Christus (Rom 8:29). Hierdie gelykvormigheid sluit swaarkry in. Rom 8:28 sê dat vir die gelowige werk **alles** ten goede mee. Die "alles" word egter selde gesien as iets goeds, behalwe wanneer ons terugskouend daarna kyk.

## JOU INNERLIKE KONFLIK

Die "S" in die middel van die wiel verteenwoordig die selflewe oftewel die "vlees" (1953 Vert. ). Die vlees oorheers dikwels die ganse Christelike ervaring (lewe). Die vlees soek op verskillende maniere, om sy eie behoeftes, of op 'n positiewe of negatiewe manier, bevredig te kry. Geld, materiële besittings, sukses, beroemdheid, seks, mag of enige ander ding kan 'n persoon dryf, of motiveer en sy sentrale fokuspunt word, indien die selflewe (vlees) die lewe domineer. Die "vlees" is dus slegs die gelowige se poging om die Christelike lewe in eie krag te leef.

Die "vlees" is daarom 'n baie ernstige probleem vir die Christen - so ernstig soos afgodery. Wanneer jy Christus as middelpunt vervang met enigiets - selfs jouself - sal dit wat jy op die troon van jou lewe plaas, 'n afgod word. God moet streng handel met die vlees. Hy doen dit gewoonlik deur die selfgesentreerde lewe se onvermoë om die lewe die hoof te bied só bloot te lê dat die gelowige dit ondraaglik vind. Hy gooi tou op en is nou gewillig om die selflewe vir die die Christuslewe te verruil.

So lank die self (vlees) in beheer bly, sal die konflikte (soos voorgestel in die "siel" deel van die Wieldiagram) voortduur. Dit kan ook vererger a.g.v ouderdom en 'n toename in verantwoordelikhede. Somtyds kan 'n sielkundig goedaangepaste selflewe vir die grootste deel van 'n leeftyd slaag, maar die resultate laat jou steeds met 'n gevoel van onvervuldheid.

'n Mens se sielkundige gebreke en skuldgevoelens (werklik sowel as vals) werk saam en veroorsaak verskillende grade van frustrasie in die selfbeheerde lewe. Hierdie frustrasie moet hanteer word. Sommige mense verkies om dit op 'n ander uit te haal in die vorm van houe - fisies of verbaal, terwyl ander weer te bang is vir vergelding en hulle vyandigheid dus so goed moontlik onderdruk. 'n Ander persoon onderdruk sy woede (aggressie) en frustrasie, omdat hy homself blameer vir elke probleem en ergernis wat hy teëkom. Onderdrukte vyandigheid en frustrasie, om watter rede ook al, sal 'n invloed op die denke en/of emosies hê. Opgekrepte vyandigheid of woede (aggressie) lei dikwels tot emosionele depressie en/of ang. Sommige mense gebruik dan hul denke om die realiteit te verdraai en te ontken. So ontduik hulle die werklike probleem, nl. die hantering van die selflewe.


Indien die sielkundige konflik voortduur sonder dat 'n oplossing gevind word, ontaard dit in fisiese kwale of simptome, soos uitgebeeld in die wieldiagram. Die fisiese kwale/ simptome, alhoewel eg, is egter steeds simptome van 'n dieperliggende probleem, nl. die selflewe. Dieselde geld vir 'n sielkundige probleem in die "siel"- area, soos aangedui.

## JOU BEVRYDING

Bogenoemde sielkundige en fisiese simptome begin verdwyn sodra iemand begin verstaan hoe God kan handel met die wortel van die probleem deur die selflewe te onttron.

Die Lyndiagram toon die "lewe uit die dood"- beginsel / God se manier om klaar te speel met interne konflik.

Die horisontale lyn verteenwoordig die ewige lewe, die lewe van Christus. Uiteraard dui ewige op geen begin of einde. Dit oorskry die grense van tyd. Aangesien Christus God is, lewe Hy van ewig tot ewig.



Sy lewe is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid (Heb 13:8). Soos aangedui aan die linkerkant van die lyn het Christus "vlees geword" (Joh 1:14) en vir 33 jaar in 'n menslike liggaam gelewe. Toe is Hy gekruisig, begrawe en is Hy op die derde dag opgewek uit die dood. (I Kor 15:3-4). Hy lewe nog steeds vandag (Heb 7:25). Let daarop dat die ewige lewe nie net 'n teenswoordige en toekomstige werklikheid vir die gelowige is nie, maar ook 'n **ewige verlede** behels.

Totdat ons weergebore word (Joh 3:3), is ons nie in die lewe van Christus, die ewige lewe nie, maar in die geestelik dooie lewe van Adam. Dit is duidelik dat, as enige van ons voorouers (soos aangedui deur die dwarslyne op die skuinslyn) afwesig sou wees, ons ook afwesig sou wees. Fisies gesproke het ons lewens begin in Adam; dus wat met hom gebeur het, het ook met ons gebeur. Toe hy gesondig het, het ons ook gesondig. Toe hy geestelik gesterf het, het ons ook gesterf - net soos ons sou gesterf het as ons oupagrootjie kinderloos sou gesterf het. Die geestelike dood is dus gelyk aan verwydering van God, en daarom is ons almal geestelik dood gebore. Ons het vergifenis van ons sonde nodig maar, benodig ook lewe. Die Here Jesus Christus het gekom om vir ons beide te gee. Hy doen dit deurte sterf, vir ons sonde, en deur sy opstandingslewe vir ons te gee (Joh 10:10).

As jy 'n Christen is, dan weet jy dit reeds. Wat jy moontlik nie weet nie, is die volgende:

Vir die gelowige is die fisiese dood die poort uit hierdie lewe en die teenwoordigheid van sonde na die Hemelse lewe en die teenwoordigheid van God. Net so is 'n ander tipe dood die poort uit die sondige lewe van Adam na die ewige lewe van Christus. Wanneer 'n persoon "weergebore" word, sterf hy op dieselfde oomblik. Hy word gebore in die lewe van Christus in, maar terselfdertyd sterf hy aan die lewe van Adam. Christus kom in ons lewe in wanneer ons in Hom glo en weergebore word, maar dit is nie al nie. Ons word ook "deelgenote" aan sy lewe - die ewige lewe. Romeine 6:3 sê ons word nie net in Jesus Christus (sy lewe) in gedoop nie, maar ook in sy dood. Ons kan nie gelyktydig aan twee teenoorstaande lewens deel hê nie - die lewe van Adam en die lewe van Christus nie.

## JOU IDENTITEIT

Wanneer ons Christus in geloof ontvang (innooi), beteken dit dat sy dood aan die kruis geld as betaling vir ons sondes. Maar dit beteken ook baie meer. Dit beteken ook dat ons 'n nuwe lewe binnegaan - een wat strek tot in die ewige verlede en die ewige toekoms. Anders gestel: ons verruil ons geskiedenis in Adam - die goeie en die slegte vir 'n ewige geskiedenis in Christus. Ons erf 'n nuwe "stamboom"! Deur deelgenote van Christus se lewe te word, word ons deel van sy dood, begrafnis, opstanding, Hemelvaart en sit aan die regterkant van God (Rom 6:3-6; Gal 2:20; Ef 2:6). Hy het net een lewe en dit is die lewe wat ons ontvang met ons wedergeboorte (I Joh 5: 11-12).

Tensy en totdat jy deur persoonlike geloofservaring weet dat jy saam met Christus gekruisig is, sal jy voortgaan om te probeer om vir Christus te lewe deur middel van metodes wat jy in jou ou selflewe aangeleer het. Ons sal steeds gepla en oorwin word deur die konflikte uit ons Adam, geskiedenis. Wanneer ons eger deur geloof ons regmatige plek by die kruis in eenheid met Christus se dood en opstanding inneem, dan en slegs dan sal ons waarlik in 'n nuwe lewe kan wandel (Rom 6:4b). Dan weet ons dat die ou dinge verby gegaan het en alles nuut geword het (2 Kor 5:17). Die kruiservaring (om uit ondervinding ons kruisiging en opstanding met Christus te verstaan) is die poort tot die Geesbeheerde lewe (Gal 5:16). Dit is lewe uit dood, oorwinning uit neerlaag. Dit is die doel en antwoord tot die swaarkry en lyding in die lewe van die gelowige. Ons pad na die kruis, sowel as die kruis self is 'n pad van swaarkry en lyding, maar dit is die enigste pad wat lei na die **einde** van swaarkry en lyding.

Is jy moeg genoeg vir jou innerlike konflik en voortdurende nederlaag om in die geloof 'n einde daaraan te wil maak? Is jy gewillig om te sterf aan alles wat jy is, sodat jy kan lewe in alles wat Hy is? Om dit te doen is, om die selflewe te verruil vir die Christuslewe en om gevul en beheer te word deur die Heilige Gees. Om te weier om dit te doen, is om voort te gaan om in die vlees te wandel en die Heilige Gees te bedroef deur jou voortsleepende konflik, swaarkry, lyding en neerlaag.

## VERLOSSINGSGEBED

As jy moeg is vir die sielesmart (angs en nood) wat ontstaan omdat jy dinge op jou eie manier wil doen, onthou dat Christus jou sal vrymaak. Jy moet jousef opreg daartoe verbind om Hom toe te laat om met jou te doen wat Hy wil.

As jy nog nie Christus as jou persoonlike Verlosser aangeneem (ontvang) het nie, het jy eerstens nodig dat God jou vernuwe deur die geestelike wedergeboorte. Jy kan wedergebore word deur opreg die volgende gebed te bid:

" Hemelse Vader, ek besef ek is 'n sondaar. Ek lewe nog in Adam se lewe en doen nog sonde. Ek glo dat U, U enigste Seun, die Here Jesus Christus, gestuur het om in my plek vir my sonde te sterf. Ek glo ook dat Hy weer opgestaan het en nou lewe. Ek ontvang Hom nou in my gees as my Verlosser. Ek gee alles aan U oor wat ek is, alles wat ek het en alles wat ek ooit sal wees. Ek draai weg van my sonde en selfsugtige pad (maniere) na 'n nuwe lewe in Christus. Dankie dat U my verlos en red. Amen."

## IDENTIFIKASIEGEBED

As jy die verlossingsgebed gebid het, is jy wedergebore, want God sê dat aan almal wat Hom aangeneem het, gee Hy die reg om sy kinders te word ( Joh1:12).

Of jy nou so pas, of in die verlede die verlossingsgebed gebid het, kan die bid van die "identifikasiegebed" jou help om Christus se lewe van oorwinning en vrede te ervaar. Voordat hierdie gebed effektief kan wees, moet jy waarklik sat wees vir jou selflewe. Jy moet die oortuiging van die Heilige Gees hê dat al jou pogings daarop gerig was om uit eie krag die Christelike lewe te leef. Jy moet ook gereed wees om beheer oor jou hele lewe op te gee. As dit jou toestand beskryf, bid dan soos volg:

" Vader, dankie dat U my sondes vergewe het en my uit die lewe van Adam uit gehaal het. Dankie dat U my in die lewe van Christus in oorgeplant het. Nou dat ek in Christus is, glo ek dat ek saam met Hom gekruisig en begrawe is, opgestaan het en saam met Hom sit aan u regterhand. Van hierdie oomblik af kies ek u Seun, Jesus Christus, om sy lewe in my en deur my te lewe. Ek beskou myself as dood vir die sonde en lewend vir U. Ek maak staat op die Heilige Gees om my bewus daarvan te maak wanneer ek van my dood in Christus vergeet en weer probeer om in eie krag en wysheid sy lewe vir Hom te leef. Ek kies om my hele wese aan U oor te gee as 'n instrument van geregtigheid en ek kies om geen deel van my vir, sonde te laat gebruik nie. Dankie dat U Christus en sy lewe vir my'n werklikheid maak. Verheerlik Uself deur my. In die naam van Jesus bid ek tot U. Amen".

Hierdie blaaidjie is 'n verkorte vertaling van Hoofstuk 2 van <i>Handbook to Happiness</i> van Charles R. Solomon, Ed.D. (D.D. is die Engelse titel van die Amerikaanse Predikant van die 1970's) die oprigter van die EGG (Eagle's Gospel Group) in die 1970's, en die stigter van die Solomon-Publishers gesinsorgaan vir die verspreiding van die Gaining Fellowship A Spiritual Practice, 1969, 7509 E. 68th Ave. (31) 90377-2864, Fair Haven, NJ 06487. 1987, <i>In and Out of Rejection, Handbook for Christ-Centered Counseling, Handbook to Practice, A Spiritual Clinic</i> , 1988, C. R. Solomon, All rights reserved. 1988, <i>Grace, Abundance, and Joy, Handbook to Happiness in Verse en Handbook to Happiness and You, A Spiritual Clinic</i> (vrygestel Desember 1991).
---